Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

Tema: Kwesbaarheid - Ons kies om voor mekaar broos te wees; om ons twyfel en onsekerheid, ons angs en ons onvermoëns nie weg te steek nie, maar voor mekaar neer te sit sodat ons mekaar kan aanvul en kan heelmaak

(Markus 3:1-6 & 1 Korintiërs 2:1-5)

Een van die probleme met grootword is dat ons leer om weg te kruip. Om een of ander rede as ons ouer raak, raak ons al hoe meer ongemaklik met die rou waarheid oor wie ons is. As ons klein is maak dit nie saak nie; as ons bang is, sê ons vinnig "Ek is bang", en ons vat ons ma of pa se hand. As ons sukkel om die pas vol te hou, sê ons dit! As kinders is ons ongesofistikeerd en reguit, maar as ons ouer word, raak ons terughoudend en beweeg weg van egtheid. En ons raak baie goed daarmee om ons kwesbaarheid weg te steek. *"We are not who we are, we are not even who we think we are; we are who other people think we are"* (Jim Dobson).

In **Markus 3:1-6** sien Jesus 'n man met 'n gebreklike hand se broosheid raak, en betoon deernis teenoor hom deur hom in die sinagoge *in die middel* te laat kom staan, en hom te genees. Jesus se benadering is geweldig uitdagend en ook blootstellend – vir beide die gebreklike man en die Fariseërs. Jesus kom doen hier wat hy gereeld gedoen het: Hy *herinterpreteer* die wet deur te wys dat dit altyd reg is om liefde te bewys. Hy ontbloot óók die onvermoë van die kerk van sy tyd om God se sorg te vat na mense – soveel so dat mense kies om hul broosheid eerder weg te steek.

1 Kor 2 is 'n oop en onbewaakte oomblik van kwesbaarheid deur Paulus. ***Wie*** hy is en ***hoe uitdágend*** die lewe is lees ons in v 1, 3 & 4, ***hóé*** hy die lewe aanpak vertel hy vir ons in vers 2, en ***hóékom*** in vers 5.

Dit was 'n moeilike opdrag vir Paulus om te gaan werk in Korinte; 'n veelkantige dinamiese stad - amper soos 'n mengsel tussen Kaapstad en Hollywood; vol drama, *glamour* en sinisme. Dit is Paulus se eerlikheid was mens so aantrek na hom: **v1** "Toe ek na julle toe gekom het, broers en susters, om die waarheid van God te verkondig het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie..." Nogal 'n bekentenis! Bedoelende: Hy was een van dié geleerdste mense v sy tyd. Bevoegd? Absoluut! Hy het multikulturaliteit baie goed verstaan en was wel ter tale gewees. Asof hy sê: *"Ek het nie probeer om die beste van die beste op hul neuse te laat kyk toe ek nuut op die dorp was nie. Ek was nie in kompetisie met die dramaturge nie wat 'n komedie masker voor hul gesigte hou en die skerpste sinsnedes kan sê om*

die skare te laat lag nie. En ek hardloop nie van die verhoog af om weer 'n tragedie-masker te gaan opsit en die skare met een woord aan die huil te kry nie. Nee ek was nie op 'n verhoog nie. Ek het nie gekom as 'n hupokritos nie; net as Paulus."

v3: "Bewus van my **swakheid**, en met groot **angs** en **huiwering**, het ek na julle toe gekom..." So bevrydend om dit te hoor; 'n uitnodiging vir ons almal. Paulus ontbloot sy kwesbaarheid: *"Vulnerability is fun to talk about but scary to do. Authenticity is the cry of all, but the game of few" (*Erwin McManus).

In v4: "My boodskap en prediking was nie vol van geleerdheid en wyse woorde nie..." Ek bedoel: dit is die apostel Paulus waarvan ons praat! Hoor ons hom? Hoe dankbaar kan ons wees vir hierdie tipe eerlikheid en broosheid: *"Ek het nie gekom om enige iemand te wow nie."*

Ons verwar kwesbaarheid met swakheid en stry met elke vesel in ons wese teen dit, want wie wil swak lyk? Maar wanneer ons weerstand opbou teen kwesbaarheid, of onsself probeer staal teen broosheid, verloor ons ook die vermoë om ware vreugde, egte liefde en vrede te ervaar.

Ons is nogal geneig om fatalisties te wees selfs in oomblikke van vreugde! Brené Brown praat van 'foreboding joy'; onheilspellende vreugde met 'n voorgevoel! Bedoelende: Ons beleef die mooi van die lewe (bv om te kyk na ons slapende kinders in hul bed), maar dink ook onmiddellik aan alles wat verkeerd kan loop! En dit steel ons vreugde...

Hóé het Paulus dit gedoen? v 2: "Ek het besluit om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde." Kan ook sê: *"Ek gaan nie probeer kompeteer met julle op enige ander vlak nie; ek is nie hier om 'n rol te speel met 'n masker nie. Nee, ek is hier om te praat oor Jesus en sy kwesbaarheid aan die kruis."* Deur die voorbeeld van Jesus word ons uitgenooi na 'n lewe van weerloosheid: "*It is through the Servant's wounds that we are healed. If God can wrest such triumph out of the jaws of apparent defeat, can draw strength from a moment of ultimate weakness, what might God do with the apparent failures and hardships of my own life?*" (P Yancey).

Hoekom leef Paulus so? v 5: "*Sodat julle geloof nie berus op die wysheid v mense nie, maar op die krag van God."* Paulus se deurleefde raad: "Have the **courage** to be imperfect: Faith is the vulnerability that flows between the shores of certainty." (Brené Brown). Want geloof *minus* kwesbaarheid = ekstremisme. Geloof is per definisie om jouself kwesbaar te maak.

Hoekom het ons hierdie weerstand teen kwesbaarheid? Want ons leef in 'n kultuur van skaarsheid; dat daar nooit genoeg is nie. Dat ***ons*** nie genoeg is nie: nie ***goed*** genoeg nie, nie **veilig** genoeg nie, nie **seker** genoeg nie, nie **perfek** genoeg nie, nie ***extraordinary*** genoeg nie. Ons vergeet maklik in ons soeke na 'n buitengewone lewe dat ons ons diepste vreugde kan vind in die gewone gang van die lewe.

Hoe omarm ek *kwesbaarheid*?

- *Have the courage to be imperfect.*
- Beoefen dankbaarheid.
- Eer die dinge in die lewe wat skynbaar *gewoon* is.
- Wees brutaal eerlik oor jou tekortkominge en leef in voeling met jou menslikheid, soos Paulus.
- Hou op wegkruipertjie speel: steun op mense wat tot jou 'redding' verskyn en ondersteun hulle; vat hulle hand en leef *beknop* naby aan 'n paar.

Daar is geen waarborge dat slegte dinge nie gaan gebeur nie. Daar is wel een waarborg: dat *as* ons onsself oopstel vir verhoudings en liefde en vreugde, gaan ons tenk definitief vol wees wanneer die moeilike tye oor ons pad kom.

Kwesbaarheid (vulnerability) lê in die kern van ons vrees, angs en skuldgevoelens; die donker emosies wat ons almal by tye vierkantig in die oë moet kyk. Maar kwesbaarheid is ook die geboorteplek van ware vreugde, liefde, kreatiwiteit, en van ‘n egte geloof.

Vrae vir nadink en kleingroepe:

- Lees weer die opmerkings oor Paulus se lewe. Hoe help dit jou om in voeling met jou kwesbaarheid te leef?
- Erwin McManus: *“Vulnerability is fun to talk about but scary to do. Authenticity is the cry of all, but the game of few.”* Hoe voel jy oor hierdie stelling?

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

Tema: Kwesbaarheid - Ons kies om voor mekaar broos te wees; om ons twyfel en onsekerheid, ons angs en ons onvermoëns nie weg te steek nie, maar voor mekaar neer te sit sodat ons mekaar kan aanvul en kan heelmaak

(Markus 3:1-6 & 1 Korintiërs 2:1-5)

Een van die probleme met grootword is dat ons leer om weg te kruip. Om een of ander rede as ons ouer raak, raak ons al hoe meer ongemaklik met die rou waarheid oor wie ons is. As ons klein is maak dit nie saak nie; as ons bang is, sê ons vinnig "Ek is bang", en ons vat ons ma of pa se hand. As ons sukkel om die pas vol te hou, sê ons dit! As kinders is ons ongesofistikeerd en reguit, maar as ons ouer word, raak ons terughoudend en beweeg weg van egtheid. En ons raak baie goed daarmee om ons kwesbaarheid weg te steek. *"We are not who we are, we are not even who we think we are; we are who other people think we are"* (Jim Dobson).

In **Markus 3:1-6** sien Jesus 'n man met 'n gebreklike hand se broosheid raak, en betoon deernis teenoor hom deur hom in die sinagoge *in die middel* te laat kom staan, en hom te genees. Jesus se benadering is geweldig uitdagend en ook blootstellend – vir beide die gebreklike man en die Fariseërs. Jesus kom doen hier wat hy gereeld gedoen het: Hy *herinterpreteer* die wet deur te wys dat dit altyd reg is om liefde te bewys. Hy ontbloot óók die onvermoë van die kerk van sy tyd om God se sorg te vat na mense – soveel so dat mense kies om hul broosheid eerder weg te steek.

1 Kor 2 is 'n oop en onbewaakte oomblik van kwesbaarheid deur Paulus. ***Wie*** hy is en ***hoe uitdágend*** die lewe is lees ons in v 1, 3 & 4, ***hóé*** hy die lewe aanpak vertel hy vir ons in vers 2, en ***hóékom*** in vers 5.

Dit was 'n moeilike opdrag vir Paulus om te gaan werk in Korinte; 'n veelkantige dinamiese stad - amper soos 'n mengsel tussen Kaapstad en Hollywood; vol drama, *glamour* en sinisme. Dit is Paulus se eerlikheid was mens so aantrek na hom: **v1** "Toe ek na julle toe gekom het, broers en susters, om die waarheid van God te verkondig het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie..." Nogal 'n bekentenis! Bedoelende: Hy was een van dié geleerdste mense v sy tyd. Bevoegd? Absoluut! Hy het multikulturaliteit baie goed verstaan en was wel ter tale gewees. Asof hy sê: *"Ek het nie probeer om die beste van die beste op hul neuse te laat kyk toe ek nuut op die dorp was nie. Ek was nie in kompetisie met die dramaturge nie wat 'n komedie masker voor hul gesigte hou en die skerpste sinsnedes kan sê om*

die skare te laat lag nie. En ek hardloop nie van die verhoog af om weer 'n tragedie-masker te gaan opsit en die skare met een woord aan die huil te kry nie. Nee ek was nie op 'n verhoog nie. Ek het nie gekom as 'n hupokritos nie; net as Paulus."

v3: "Bewus van my **swakheid**, en met groot **angs** en **huiwering**, het ek na julle toe gekom..." So bevrydend om dit te hoor; 'n uitnodiging vir ons almal. Paulus ontbloot sy kwesbaarheid: *"Vulnerability is fun to talk about but scary to do. Authenticity is the cry of all, but the game of few" (*Erwin McManus).

In v4: "My boodskap en prediking was nie vol van geleerdheid en wyse woorde nie..." Ek bedoel: dit is die apostel Paulus waarvan ons praat! Hoor ons hom? Hoe dankbaar kan ons wees vir hierdie tipe eerlikheid en broosheid: *"Ek het nie gekom om enige iemand te wow nie."*

Ons verwar kwesbaarheid met swakheid en stry met elke vesel in ons wese teen dit, want wie wil swak lyk? Maar wanneer ons weerstand opbou teen kwesbaarheid, of onsself probeer staal teen broosheid, verloor ons ook die vermoë om ware vreugde, egte liefde en vrede te ervaar.

Ons is nogal geneig om fatalisties te wees selfs in oomblikke van vreugde! Brené Brown praat van 'foreboding joy'; onheilspellende vreugde met 'n voorgevoel! Bedoelende: Ons beleef die mooi van die lewe (bv om te kyk na ons slapende kinders in hul bed), maar dink ook onmiddellik aan alles wat verkeerd kan loop! En dit steel ons vreugde...

Hóé het Paulus dit gedoen? v 2: "Ek het besluit om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde." Kan ook sê: *"Ek gaan nie probeer kompeteer met julle op enige ander vlak nie; ek is nie hier om 'n rol te speel met 'n masker nie. Nee, ek is hier om te praat oor Jesus en sy kwesbaarheid aan die kruis."* Deur die voorbeeld van Jesus word ons uitgenooi na 'n lewe van weerloosheid: "*It is through the Servant's wounds that we are healed. If God can wrest such triumph out of the jaws of apparent defeat, can draw strength from a moment of ultimate weakness, what might God do with the apparent failures and hardships of my own life?*" (P Yancey).

Hoekom leef Paulus so? v 5: "*Sodat julle geloof nie berus op die wysheid v mense nie, maar op die krag van God."* Paulus se deurleefde raad: "Have the **courage** to be imperfect: Faith is the vulnerability that flows between the shores of certainty." (Brené Brown). Want geloof *minus* kwesbaarheid = ekstremisme. Geloof is per definisie om jouself kwesbaar te maak.

Hoekom het ons hierdie weerstand teen kwesbaarheid? Want ons leef in 'n kultuur van skaarsheid; dat daar nooit genoeg is nie. Dat ***ons*** nie genoeg is nie: nie ***goed*** genoeg nie, nie **veilig** genoeg nie, nie **seker** genoeg nie, nie **perfek** genoeg nie, nie ***extraordinary*** genoeg nie. Ons vergeet maklik in ons soeke na 'n buitengewone lewe dat ons ons diepste vreugde kan vind in die gewone gang van die lewe.

Hoe omarm ek *kwesbaarheid*?

- *Have the courage to be imperfect.*
- Beoefen dankbaarheid.
- Eer die dinge in die lewe wat skynbaar *gewoon* is.
- Wees brutaal eerlik oor jou tekortkominge en leef in voeling met jou menslikheid, soos Paulus.
- Hou op wegkruipertjie speel: steun op mense wat tot jou 'redding' verskyn en ondersteun hulle; vat hulle hand en leef *beknop* naby aan 'n paar.

Daar is geen waarborge dat slegte dinge nie gaan gebeur nie. Daar is wel een waarborg: dat *as* ons onsself oopstel vir verhoudings en liefde en vreugde, gaan ons tenk definitief vol wees wanneer die moeilike tye oor ons pad kom.

Kwesbaarheid (vulnerability) lê in die kern van ons vrees, angs en skuldgevoelens; die donker emosies wat ons almal by tye vierkantig in die oë moet kyk. Maar kwesbaarheid is ook die geboorteplek van ware vreugde, liefde, kreatiwiteit, en van ‘n egte geloof.

Vrae vir nadink en kleingroepe:

- Lees weer die opmerkings oor Paulus se lewe. Hoe help dit jou om in voeling met jou kwesbaarheid te leef?
- Erwin McManus: *“Vulnerability is fun to talk about but scary to do. Authenticity is the cry of all, but the game of few.”* Hoe voel jy oor hierdie stelling?